



TJOKKIE

brokkies!



Uitgawe 8 | 3 | 2020

9 Okt 2020

Uit die Kantoor ...

Dit wil voorkom of daar 'n tweede laag positiewe Covid-19 gevalle onder skole kop uitsteek. Dit is dus verkeerd om aan te neem dat die ergste laag van die pandemie verby is. Daar is nou gereeld kinders en onderwysers wat in isolasie moet gaan, omrede hulle of self positief of in kontak was met positiewe gevalle. Ook hier by Tjokkies is dit die geval. Klasse en grade wat geraak word, word afsonderlik ingelig. Die skool probeer werklik dit so goed as moontlik bestuur en vra ouers se begrip.

Gr. 1 Opedag

Die Gr.1 deurry-opedag van Saterdag, 3 Oktober, was uiters suksesvol gewees. Die persoonlike kontak tussen voornemende leerders en Gr.1-onnies het ons aangenaam verras. Baie dankie aan elke ouer en leerderraadslid wat deel van hierdie "eerste" vir Tjokkies was. Julle was puik.



Tjokkies-ITEC Gholfdag

Die kleuterskool se jaarlikse gholfdag vind nou plaas op Vrydag, 13 November. Slegs 2 vierbal-afslaantye is nog beskikbaar.

Kontak Sanet by 082 7878 402.

KAALVOETKAFEE

Die proses om oor te skakel na 'n nuwe "point of sale"-program neem langer as beplan. Die snoepie sal dus nog nie volgende week oop wees vir besigheid nie.

ALGEMENE JAARVERGADERING

Vind aangeheg by vandag se nuusbrief 'n belangrike kennisgewing waarin u uitgenooi word na Tjokkies se begrotingsvergadering waar die skool se begroting vir 2021 bespreek gaan word.

TERUGKEER VAN LEERDERS

Volgens die laaste derikstiewe wat skole ontvang het, mag skole wat die kapasiteit met sosiale distansiëring van 1m kan handhaaf, aansoek doen om grade ten volle te laat terugkeer.

Ons het besef dat die skool nie kwalifiseer om dit toe te pas nie, aangesien die meeste van die klasse met dubbelbanke toegerus is en daar nie 1m sosiale afstand gehandhaaf kan word nie. Die bestaande besluit van groepe wat weekliks roteer, sal dus staan tot aan die einde van 2020, waarna alles weer in heroorweging geneem sal word vir 2021.

Tjokkies
50
JAAR 2020

SKOOL VERLATERS

Ouers en leerders wat die skool aan die einde van 2020 verlaat (gr. 7-leerders uitgesluit), moet asb. die aangehegte vorm voltooi en terug e-pos na office@tjokkies.co.za voor Maandag, 19 Oktober 2020. Ons benodig hierdie inligting vir begrotingsdoeleindes.

BELANGRIKE DATUMS:

- 12 Okt. BL vergadering
- 15 Okt. Toetsweek Gr. 4-7 (Let op na tye wat leerders skryf)
- 22 Okt. Gr. R Opedag (2021)
- 23 Okt. Skool sluit (10:00)
- 2 Nov. Skole open vir 4de kwartaal (Groep 2)
- 6 Nov. Rapporte beskikbaar op e-platform.
- 13 Nov. Klein Tjokkies Gholfdag.
- 20 Nov. Gr.7 afsluiting
- 22 Nov. Tjokkie dankfees
- 23 Nov. Eindeksamen begin

Let wel: Vir die res van die kwartaal kom graad 4 - 7 leerders soos op aangehegte toetsrooster skool toe en graad 1 - 3 leerders bly steeds in hul groepe en kom voldag skool toe.

TJOKKIE KOSKAS" (Herhaal)

Baie dankie aan elke ouer wat vir ons tot nou toe gehelp het met die bydrae van kos, lugtyd, klere en wat ookal alles al gevra is om aan ons behoeftige ouers te skenk. Die behoefte onder ons Tjokkie-gemeenskap is groot en word net by die dag groter. Ons neem egter die vrymoedigheid om u weer te nader vir bydraes om die stoor (koskas) te vul vir toekomstige uitreikings. Indien u 'n bydrae kan maak, versoek ons dat dit soos die volgende indeling gedoen kan word. Die produkte is ingedeel in graadverband sodat ons iets van alles kan kry. U kan die produkte vir die klasonderwyser stuur.

Graad 1: Pasta, Mieliemeel, Koekmeel, Oatspap

Graad 2: Suiker, Langlewe melk / Cremora, Koekies, Rys

Graad 3: Koffie / Tee, aanmaakkoeldrank, Sunlight liquid, Handy Andy

Graad 4: Sout, Kookolie, Soppoeier, Blikkieskos - groente / boeliebeef / tuna

Graad 5: Sout, Kookolie, Soppoeier, Blikkieskos - groente / boeliebeef / tuna

Graad 6: Grondboontjebotter, Bovril/Marmite, Margarine

Graad 7: Tandepasta, Lyfseep, Lyfroom

U is ook welkom om 'n finansiële bydrae te maak deur 'n bedraggie in die skool se rekening in te betaal wat aangewend sal word om nie-bederfbare produkte mee aan te koop.

Verwysing: koskas.

Ons ontvang skenkings tot 23 Oktober 2020. Baie dankie.

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asseblief.

